higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3

(3011013)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n antwoordboek van 18 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Vir die toekenning van punte moet AL die berekeninge getoon word.
5. Gebruik slegs swart of blou ink. Antwoorde in loodpotlood sal nie nagesien word nie.
6. Gebruik die tabel hier onder as riglyn vir hoeveel tyd aan 'n vraag bestee moet word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAGNOMMER	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDRIGLYN (minute)
1	Kort vrae (meervoudige keuse, bypassende kolomme, en kies die ontbrekende woorde)	40	36
2	Bereken en teken die transaksies vir belasting op toegevoegde waarde aan.	40	36
3	Berei die salaris- en loonjoernale voor. Die kleinkasstelsel	40	36
4	Stel die rekonsiliasiestaat op.	55	52
5	Basiese administrasie per hand van nie-bedryfsbates ('non-current assets')	25	20
	TOTAAL:	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Onderneming ('vendor business') moet alle finansiële rekords en dokumente vir (twee/vyf) jaar liasseer en stoor vir BTW-inspeksiedoeleindes.

1.1.2 (Uitset-/Inset-) BTW is belasting wat deur die onderneming betaalbaar is op goedere en dienste van verskaffers.

1.1.3 Die BTW-berekeningsformule vir 'n BTW-inklusiewe bedrag is:

$$\left(\frac{14}{114} \div \frac{14}{100}\right)$$

1.1.4 (Verkoopsprys/Afslag) is 'n vermindering in die basiese prys van 'n item.

1.1.5 (Netto/Bruto) salaris is die maandelikse bedrag wat 'n werknemer verdien nadat al die toepaslike aftrekkings gemaak is.

(5 × 2) (10)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Belastingfaktuur vir R4 500 (BTW uitgesluit) word aan 'n kliënt gegee.

Wat is die BTW-bedrag betaalbaar:

A R630,00
B R603,00
C R552,63
D R500,00

1.2.2 Goedere ter waarde van R10 000 (BTW uitgesluit) word aangekoop, en 'n 10%-handelsafslag word gegee.

Wat is die BTW-bedrag betaalbaar:

A R1 400,00
B R1 260,00
C R1 228,07
D R1 105,26

NCV

1.2.3 Watter EEN van die volgende is van toepassing op finansiële dienste en openbare onderwysdienste:

A Belasbare inkomste
B BTW-vry ('Zero-rated')
C Vrygestel van BTW ('Vat-exempt')
D BTW teen 14%

1.2.4 'n Interne brondokument vir klein aankope:

A Tjekteenblad
B Kleinkasbewysstuk
C Oorspronklike belastingfaktuur
D Duplikaatbelastingfaktuur

1.2.5 Dit is NIE 'n verpligte aftrekking vir 'n werknemer nie:

A Mediese fonds
B LBS ('PAYE')
C SIBW ('SITE')
D Pensioenfonds

(5 × 2) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Die toepaslike brondokument wat gebruik word wanneer transaksies in die kleinkasjoernaal ingeskryf word	A	LBS ('PAYE')
		B	bankstaat
1.3.2	Verskaffer of persoon aan wie die onderneming iets verskuldig is	C	krediteur
		D	tjekteenblad
1.3.3	Die werkgewer dra NIE tot hierdie fonds by nie	E	kleinkasbewysstuk
1.3.4	'n Dokument wat ontvang word van die bank wat al die monetêre transaksies vir die maand aantoon	F	WVF ('UIF')
		G	bankrekonsiliasie
1.3.5	'n Teenblad waarop die besonderhede van 'n uitgereikte tjek opgeteken word deur die trekker.		

(5 × 2) (10)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Weeklikse of tweeweeklikse betaling word 'n … genoem.

1.4.2 Die … vorder BTW in by ondernemings, namens die regering.

1.4.3 Die … is 'n bedrag geld, byvoorbeeld in 'n winkel, om kleingeld te voorsien.

1.4.4 Die balansstaat verskaf inligting oor die finansiële … van 'n onderneming.

1.4.5 ... is vergoeding wat gegee word vir die totale werkstyd wat bo en behalwe die normale werksure gewerk word.

(5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 2

Genesis Suppliers is 'n geregistreerde BTW-ondernemer. Hulle teken BTW teen 14% op 'n faktuurbasis aan.

LET WEL: Genesis Suppliers maak nie gebruik van 'n aparte inset- en uitset-BTW-rekening nie, maar skryf dit direk in die BTW-kontrolerekening in.

ALLE bedrae is eksklusief.

TRANSAKSIES:

Desember 2015 02 Kontantverkope van goedere volgens die bedrag op die kasregisterrol, R12 500,00. Koste van verkope, R7 800,00.

05 Kwitansie no. 45 uitgereik vir goedere wat kontant vir R1 200,00 aan T. Trevor verkoop is. Koste van verkope, R650,00.

08 Kwitansie no. 020 uitgereik aan Makungo Motors vir petrol, R750,00.

15 Handelsvoorraad aangekoop van Marias Suppliers vir R18 000,00. Tjek no. 021 uitgereik.

18 Tjek no. 022 uitgereik aan die plaaslike munisipaliteit vir die water-en-ligterekening, R2 252,00.

20 Koop seëls van DNK, kleinkasbewysstuk no. 01, R18,50.

23 Betaal los werkers vir skoonmaak van onderneming se perseel, R350,00. Kleinkasbewysstuk no. 02 is uitgereik.

NCV

25 Belastingfaktuur no. 20 ontvang van DX Suppliers vir goedere op krediet gekoop, R450,00.

29 Kredietverkope van handelsware aan B. Black, R785,00. Koste van verkope, R550,00. Belastingfaktuur 35 is uitgereik.

30 Gee goedere terug aan DX Suppliers, debietnota no. 12, R125,00.

31 Kredietnota III uitgereik aan B. Black, R89,99. Koste van verkope, R65,99.

BENODIG:

2.1 Teken die transaksies vir Desember 2015 hier bo in die toepaslike joernale aan. Tel in al die joernale slegs die bedrae in die BTW-kolom vir die einde van die maand bymekaar. (30)

2.2 Skryf dit SLEGS in die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek in. Balanseer die rekening. (10)
[40]

VRAAG 3

3.1 Jy kry die geleentheid om die loonjoernale van Themba Plumbers vir die week eindigende 31 Desember 2015 voor te berei.

Rond jou getalle tot die naaste rand af.

- Normale ure per week is 40 uur, bestaande uit 5 dae in 'n week en 8 uur per dag.
- T. Mudogwa het 45 uur gewerk vir die week teen 'n normale tarief (‘rate’) van R45,00, en R60,00 vir oortyd.
- N. Nikki het op Maandag 10 uur lank gewerk, Dinsdag 8 uur, Woensdag 8 uur, Donderdag 12 uur en Vrydag 13 uur. (Tarief per uur normale tyd: R30,00; Tarief per uur oortyd: R45,00)

AFTREKKINGS:

WERKNEMER	CARE MEDIESE FONDS	AC-PENSIOENFONDS	LBS ('PAYE')	WVF ('UIF')
T. Mudogwa	R250,00	7,5% van normale loon	18% van belasbare inkomste	1% van normale loon
N. Nikki	R200,00			

Werkgewer se bydrae:

- Pensioenfonds – 40% van die werknemer se bydrae
- Mediese fonds – Rand-vir-rand-basis
- WVF – R1,00 vir elke R1,00 wat deur die werknemer bygedra word

Kopiereg voorbehou

BENODIG:

Gebruik die inligting hier bo om 'n loonjoernaal van Themba Plumbers vir die week eindigende 31 Desember 2015 te voltooi.

LET WEL: GEEN inskrywing ('posting') is nodig nie. (24)

3.2 Themba Plumbers gebruik die voorskotstelsel ('imprest system') om hulle kleinkas te beheer.

Die transaksies hier onder het tydens die maand Desember 2015 plaasgevind.

LET WEL: BTW is ingesluit by ALLE bedrae.

03 Het 'n burger gekoop by KFC vir eienaar se kind, R35,00. Bewysstuk ('Voucher') no. 10

05 Het posseëls gekoop by Postnet vir R16,88. Bewysstuk no. 11

07 Het 'n pakkie per pos gestuur en R45,00 aan die Poskantoor betaal. Bewysstuk no. 12

09 Het merkpenne gekoop by TNC, R60,00. Bewysstuk no. 13

10 Het melk en suiker vir die kantoor gekoop by Checkers, R100,00. Bewysstuk no. 14

15 Het R75,00 aan die plaaslike skoonmaaksters betaal vir die skoonmaak van kantoorvensters. Bewysstuk no. 15

18 Het lêerverdelers vir kantoorgebruik gekoop by ABC Printers, R25,00. Bewysstuk no. 16

Verwys na die volgende tabel met betrekking tot BTW:

ITEMS	WORD BTW GEVRA?	
	JA	NEE
Posgeld	✓	
Persoonlike gebruik		✓
Skryfbehoeftes	✓	
Verversings	✓	
Petrol		✓
Salarisse en lone		✓

BENODIG:

3.2.1 Skryf die transaksies in die kleinkasjoernaal van Themba Plumbers in. Tel slegs die bedrae in die kleinkaskolom bymekaar. (11)

3.2.2 Voltooi die kleinkasrekening in die algemene grootboek. Saldo op 1 Desember 2015, R1 500,00 (5)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Noxolo Traders het jou van die volgende inligting voorsien oor hulle finansiële optekening (‘recordings’) vir die maand Desember 2015.

4.1 Maak aanvullende inskrywings in die kasboek op 31 December 2015. Tel in beide joernale slegs die bedrae in die bankkolomme op 31 Desember 2015 bymekaar. (15)

4.2 Skryf ('Post') dit in die bankrekening in die algemene grootboek in en balanseer die bankrekening. (5)

4.3 Berei die bankrekonsiliasie van Noxolo Traders voor – Desember 2015. (6)

INLIGTING:

'n Vergelyking van die bankstaat van Dare Bank en die kasboeke op 31 Desember 2015 weerspieël die volgende verskille:

(a) Die maandelikse totale voordat die aanvullende inskrywings gemaak is:

- Die bankrekening het 'n debietsaldo van R34 588,00 gehad.
- 'CRJ' was R124 324,00 in totaal.
- 'CPJ' was R57 602,00 in totaal.

(b) Die volgende deposito's is opgeteken in die kontantontvangste-joernaal, maar nie op die bankstaat nie: R6 946,00 and R258,00

(c) Die volgende tjeks is nog NIE aan die bank voorgelê vir betaling nie:

No. 80 R240,00

No. 81 R19 340,00

(d) Die bank het het Noxolo Traders se rekening met R828,00 gedebiteer vir bankkoste.

(e) 'n Debietorder vir R4 800,00 ten gunste van die Barovhi Insurance Company verskyn op die onderneming se bankstaat.

(f) 'n Debietorder vir R16 624,00 is gedebiteer van Noxolo Traders se rekening. Dit is vir huur wat aan T.T. Boom Estates betaal is.

(g) Tjeks vir R540,00 ontvang van B. Brenda en vir R394,00 ontvang van C. Chikopa is gedishonoreer deur Dare Bank as gevolg van onvoldoende fondse.

(h) Die onderneming se bankstaat het 'n kredietsaldo van R90 500,00 getoon.

NCV

4.4 Die volgende uittreksel is uit die rekords van Maringa Traders gedurende Desember 2015. Die boekhouer het die volgende joernaalinskrywings verkeerd opgeteken:

DATUM	JOERNAALINSKRYWINGS	DEBIET	KREDIET
1 Des	Bank Kapitaal	 42 000	42 000
4 Des	Masjinerie Gekoop op krediet van Malibu Stores	7 050 7 050	
8 Des	Salarisse en lone Bank	 12 250	12 250
19 Des	Bank Verkope (kontant)	7 500 	 7 500
23 Des	Malibu Stores betaal met tjek 015	5 000	5 000
30 Des	Krediteurekontrole Verkope (krediet)	21 500 	 21 500

BENODIG:

4.4.1 Teken die joernaalinskrywings hier bo korrek in die boeke van Maringa Traders op. (14)

4.4.2 Gebruik die korrekte inskrywings uit VRAAG 4.4.1 om die proefbalans ('trial balance') van Maringa Traders op 31 Desember 2015 op te trek. (12)

4.4.3 Identifiseer enige DRIE oogmerke ('purposes') van 'n proefbalans. (3)
[55]

NCV

VRAAG 5

Die volgende inligting verwys na die boeke van Gideon Traders. Ignoreer BTW vir hierdie vraag.

Die beleid van die organisasie is om al die toerusting teen 'n koers van 15% per jaar te depresieer deur die afnemendebalans- (drawaarde) metode ('diminishing balance (carrying value) method') te gebruik. Die finansiële jaar eindig op 31 Desember 2015.

5.1 Gebruik die uittreksel uit die bateregister om die ontbrekende besonderhede (aangedui met vraagtekens) op die ooreenstemmende ANTWOORDBLAD in te vul. (6)

GIDEON TRADERS				
Batebeskrywing: **KANTOORREKENAARS**				
Algemene grootboekrekening: **TOERUSTING** Gekoop van: **CAT VERSKAFFERS** Datum gekoop: **1 Julie 2014** Kosprys: **R450 000,00** Depresiasiemetode: **15% pa afnemende metode**				
Datum verkoop:	Verkoop aan:	Verkoopsprys:		
DATUM	**KOSTE**	**DEPRESIASIE**	**OPGELOPE DEPRESIASIE**	**DRA-BEDRAG**
1 Julie 2014	R450 000,00			R450 000,00
31 Des 2014		5.1.1	5.1.2	5.1.3
31 Des 2015		5.1.4	5.1.5	5.1.6

5.2 Die volgende inligting is van Maggie's Confectionery, op 31 Desember 2015. Toerusting met 'n kosprys van R80 000,00 is vir R25 000,00 verkoop. Die opgelope depresiasie op die toerusting was R43 420,00.

Gebruik die gegewe inligting en voltooi die rekeninge genoem in vraagnommers (5.2.1–5.2.4) op die ANTWOORDBLAD.

5.2.1 Toerusting (3)

5.2.2 Opgelope depresiasie (2)

5.2.3 Batebeskikking (7)

5.2.4 Wins- of Verliesrekening (3)

5.2.5 Die aankoop van 'n afleweringsvoertuig maak deel uit van kapitaaluitgawes.

Dui aan of die stelling hierbo WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.2.5) op die ANTWOORDBLAD neer. (1)

5.2.6 Gee DRIE voorbeelde van niebedryfsbates ('non-current assets'). (3)

[25]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou